# Redaksioneel

## 1. INGEBRUIKNEMING VAN DIE NUWE TEOLOGIEGEBOU: LUTHER- EN BYBELFEES

Op 31 Augustus 1983 is die nuwe Teologiegebou by die Universiteit van Pretoria feestelik in gebruik geneem. Die gebou wat voorheen as Lettere II bekend was, is opgeknap en ingerig om aan die behoeftes van die Fakulteit Teologie (Afdeling A en B) te voldoen. Met die oorhandiging en ontvangs van die gebou het die rektor, prof DM Joubert, en die dekane van die twee teologiese afdelings, proff BJ Engelbrecht (Afdeling A) en JA Heyns (Afdeling B), opgetree.

Tydens dieselfde geleentheid is 'n kort program gewy aan die herdenking van Maartin Luther se geboortedag vyfhonderd jaar gelede en ook aan die herdenking van die publikasie van die Afrikaanse Bybel vyftig jaar gelede.

## 2. AANSTELLINGS BY DIE FAKULTEIT TEOLOGIE (AFDELING A)

Daar is verskillende aanstellings gemaak by die Fakulteit Teologie (Afdeling A):

Dr TFJ Dreyer (jr) is aangestel as professor in en hoof van die Departement Praktiese Teologie vanaf 1 Oktober 1983. Hy vul die pos wat vakant geraak het met die afsterwe van prof JI de Wet.

Die personeel van die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap is uitgebrei en dr AG van Aarde, voorheen dosent in Bybelkunde, is aangestel as mede-professor in die departement vanaf 1 Januarie 1984.

Prof PM Venter, voorheen verbonde aan die Universiteit van die Noorde, is vanaf 1 Januarie 1984 aangestel as dosent in Bybelkunde in die plek van dr Van Aarde.

Die redaksie wil hierdie persone gelukwens met die aanstellings en hulle ook sterkte toewens met die taak wat op hulle wag.

## 3. SEMINARE EN SIMPOSIUM AANGEBIED IN 1984

Onder leiding van prof AD Pont bied die Fakulteit Teologie (Afdeling A) op 24 en 25 Mei 1984 'n seminaar aan oor die tema *Doop en Verbond*. Tien referate word beplan en die tema sal vanuit die Skrif, maar ook vanuit 'n historiese en dogmatiese hoek, nagevors word.

Die reeks seminare oor eksegese wat die Departement Ou-Testamentiese Wetenskap gedurende 1983 aangebied het, word voortgesit in 1984. Die eerste seminaar word beplan vir 9 Maart 1984 en handel oor die boek Rut.

Die Departement Nuwe-Testamentiese Wetenskap bied op 2 November 1984 'n simposium aan oor gelykenisnavorsing. Aspekte van gelykenisnavorsing wat onder die loep sal kom, is die verhouding tussen tradisie en redaksie (proff GMM Pelser en JJ Engelbrecht) asook klassifikasie, *tertium comparationis* en die historiese Jesus (prof AG van Aarde en ds PA Geyser).

Alle belangstellendes word uitgenooi om hierdie seminare en simposium by te woon. Besonderhede kan van die verskillende departementshoofde verkry word.